

die !nau kom vinnig aan ek moet in my hut sit
die mans suiker die elandgebed vir my eer
my troubare sal vir my met 'n klipdaskaros seën
my kinders sal altyd behoort aan sy pa'le
wat van rivier kamma-kan kamma vandaan kom

ons is die qua van duiwelsgat en ons gaan nêrens
vandag dra ek my seehondvoorskoot kapallangs mantel
ek is die heerser van my hut melk self die bokke
my broer het sy eed afgelê ek word vandag
vandag is ek nie meer 'n !naumens nie my mense sing

vandag is ek 'n vrou ek word uitgesmeer met boegoe
dit maak my vrugbaar atta'le vat my vanoggend
na die hut en sê vir my ek is nie meer ekke nie

sy buk ek kruip as sy kruip ek skil as sy skil ek
ek gaan nooit weer iets met my eie hande kan bewerk nie
my hande word toegesluit sy leer my voete saam-saam strop
atta sê van nou af moet ek wegbly van die see af
die slangdokter praat my lewe warm met die boegoe

my rooidag maak die see onstuimig in die hut
ons wag ons wag ons wag mane om sonne verby

ek is bang vir die !nau tog wil ek bly in die !nau
ag see! stuur swartmosselboodskappe vir my seblief
ek ruik na bietoublos ek kniel voor die ghoenavyg
hou my gonnabos steek my weg in jou keel malmok
los my af !nau toe tog! bewaar my strandlopergeite

sê pa'le ek kan nie by die water uitkom nie sê ma'le
sy bewerk my met bruinsalie haar vaalbosstampsel
sy wat my suster is kyk toe dat ek voor haar vrou word
sy's klaar deur haar fynbostyd sy's klaar ingeheuning
vir my los'le om te ontaard vir my los'le gedou

ek voel hoe die ghoenavygblom uit my trek
ek ruik na seemeeumis ruik vis tussen my bene
groeï daar uintjies onder my arms word ek bokkoms
vrougoed maak my aasgoed ek berg liefs my strandloopergeit

my rooidag is op pad ek wag vir my teken
see bring woorde waarmee ek kan bid ek spoel ek vlieg
ek staan op die plaat my sing fring
jou waternaam vang my oog my oestervanger hy weenfluit
sluit die swartmossel oop hardloop sê hy hardloop strandlangs

my bene kom los maar dan draai ek terug huis toe